Hemelvaart – Pretoria- 29 Mei 2014
Diamantvallei - 1 Junie 2014

Skriflesing: Johannes 14:1-6; 15-27
Teks: **Johannes 14:2,23**
Sing- Ps. 146:4; (Ps. 119:34); Ps. 139:1,2; Ps. 68:15;

Johannes 14:1-6
Joh 14:1 Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.
Joh 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.
Joh 14:3 En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.
Joh 14:4 En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.
Joh 14:5 Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?
Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Johannes 14: 15-27
Joh 14:15 As julle My liefhet, bewaar my gebooie.
Joh 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:
Joh 14:17 die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.
Joh 14:18 Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.
Joh 14:19 Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.
Joh 14:20 In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle.
Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.
Joh 14:22 Judas, nie die Iskáriot nie, sê vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie?
Joh 14:23 Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.
Joh 14:24 Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het.
Joh 14:25 Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly;
Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
Joh 14:27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

Skriflesing: Johannes 14:1-6; 15-27
Teks: **Johannes 14:2,23**
Sing- Ps. 146:4; (Ps. 119:34); Ps. 139:1,2; Ps. 68:15;

Broeder en suster- Daar word in die Nuwe Testament nie baie oor wonings gepraat nie. In die Grieks kom die woord monai. **monh,** mone {mon-ay'} eintlik net in hierdie twee verse voor. Christus praat van die *mone (die wonings)* waarheen Hy oppad is. Daar is iets van 'n monumentale werk wat Hy gaan doen. Ja, ons Afrikaanse woord vir monument het waarskynlik verband met wat Jesus sê waarheen Hy op pad is. Na die *mone* -die wonings

van sy Vader, want in die huis van sy Vader gebeur dinge monumentaal, daar is baie sulke wonings in die huis van sy Vader. En dan gebruik Jesus die enigste ander keer wat die woord vir wonings in die Grieks staan dit wat in vers 23 staan... Jesus voeg Hom by die Vader en dan sê Jesus- ONS... *Ons sal na hom toe kom* (na die mense toe kom...aarde toe kom) *en by hom woning maak.* By ons as mense op die aarde gebeur ook iets monumentaal....

Die verband tussen die twee verse...vv 2 en 23 moet ons op hierdie Hemelvaartdag mooi onderskei. Vers 2 praat van baie wonings in die hemel. Jesus het daar sy intrek geneem. Vers 23 praat nie van hemelse wonings nie, maar dit het betrekking op wat op die aarde gaan gebeur. As Jesus uit die mond van sy Hemelse Vader praat dan betrek Jesus Hom en sy Vader met wat hulle op die aarde gaan doen. *Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak...* Baie duidelik het hierdie woning wat die Vader in Christus op aarde sal kom maak, ons en die Heilige Gees aanmekaar verbind. Ons word die wonings waarheen die Heilige Gees op pad is wanneer die Heilige Gees uitgestort word. Ons liggame is dan die woning van die Heilige Gees.

Dadelik laat hierdie twee verse ons besef die hemelse wonings (v2) en die aardse woning (v 23) staan onlosmaaklik aanmekaar verbind. Hemelvaart en Pinkster kan nie vanmekaar geskei word nie. Wie aan God in die hemele dink kan dadelik getroos weet maar die hemelse God is by ons op die aarde teenwoordig.

***

As ons vandag daaraan dink dat Jesus na die hemele opgevaar het dan sal baie dalk sê maar Hy het van ons weggegaan. Ja, na sy liggaam is Hy weg, Hy is nie meer Mens op die aarde nie, maar die besef dat Hy nou ons God op hierdie aarde is, dat Hy deur die Heilige Gees wat ook van Hom as God se Seun uitgegaan het, nou ook by ons woon moet alle ander gedagtes op die agtergrond skuif Christus is steeds by ons, Hy is net nog meer volledig by ons, Hy is in alle opsigte God wat by ons kom woning maak. Dit is soos wat Sondag 18 V/A 49 van die Kategismus dit verduidelik. Dit gaan oor die vraag- *Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons*- **Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as**

waarborg na ons toe stuur (c) deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie (d).

Dink ’n bietjie mooi oor hierdie aangrypende antwoord. Dit verbind hemele en aarde aanmekaar. Daar sou nie Pinkster kon wees as daar nie ’n hemelvaart was nie. Hemelvaart is die voorveronderstelling van Pinkster. Jesus het hierdie logiese verband, hierdie voorveronderstelling twee hoofstukke vêrder in Johannes 16 baie duidelik gelê. *7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur...* Jesus praat voorwaardelik- as Ek nie weggaan nie... dan sal die Trooster nie na julle kan kom nie.

Daarom dat ons heeltemal reg sal wees as ons vandag vir mekaar sê dat van die grootste dinge wat Jesus vir ons kon doen, is dat Hy op grond van alles wat Hy op aarde vir ons kon doen, die reg gehad het om na die hemele op te vaar, om vir ons nog groter dinge vanuit die hemel moontlik te maak, wat nie moontlik sou wees as Hy nie weer opgevaar het nie. Jesus het na die hemel opgevaar **sodat Hy alles kan vervul.**

***

Ja, dit is eintlik al so ’n pragtige vervulling van die profesie wat in Esegiël 1:26 staan- ***26*** *En bokant die uitspansel wat oor hulle hoof was, was iets wat soos saffiersteen gelyk het, in die gestalte van ‘n troon; en op die troongestalte ‘n gestalte wat soos ‘n mens gelyk het.* Die gestalte van ’n mens, dit wat Esegiël sien, word verbind aan ’n pragtige troon, ja die saffierstene was in die vorm van ’n troon en op die troongestalte ’n gestalte wat soos ’n mens gelyk het. Ons kan sê Esegiël jy het reg gesien, ons sien nog baie meer. Jesus lyk nie net soos ’n Mens in die hemel wat op ’n pragtige saffiertroon die volledige heerskappy van God uitbeeld nie. Hy is inderdaad Mens, Hy het opgevaar in die hoogte, maar Hy is daar vir ons as mense. Mens in die hemel vir ons as mense... Soos Hy dit Self sê- dit is tot ons voordeel, want voeg Ef. hierby -toe Hy opgevaar het, het Hy aan ons sy gawes, sy seëninge meegedeel- Ef. 4:8- *Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee.*

Daarom dat ons heeltemal wanneer ons aan die hemelvaart dink, dan moet ons besef dit het dinge vir Jesus oopgemaak dat wat Hy nie op die aarde vir ons kon doen nie, Hy dit juis vanuit die hemel nou kan doen. Daardie kerngedagte van SODAT HY ALLES KAN VERVUL, dit moet heeltyd ons uitgangspunt by die hemelvaart wees. Hemelvaart is niks anders as van die hoogste hoogtepunte wat daar vir Jesus in sy lewe was ná Hy uit die dood opgestaan het. Die feit dat Hy en die Hemelse Vader hulleself bymekaar kon voeg, ja dat toe God en sy Seun in alle opsigte die volheid kon volmaak, toe loop die hemele oor. Die Heilige Gees kom af na ons toe, inderdaad iets van wat gebeur as die mens die mooiste vorme van vreugde beskryf dan sê ons *my beker loop oor.* In die hemel het die bekers oorgeloop, soveel so dit was vir God in Christus 'n hoogtepunt in sy verlossingswerk om dit te vervul wat alleen Christus by God sy Vader kon doen nl. om die Heilige Gees na ons te laat afkom. Die kerngedagte by hemelvaart bly- SODAT ALLES VERVUL KAN WORD...

Daarom geliefdes, God het by ons kom woning maak, aan die hand van die hemelvaart, deur bemiddeling van Pinkster. Hierdie twéé gebeure hemelvaart en Pinkster laat ons vanuit ons teksverse 5 dinge oor die hemelvaart raaksien. Die eerste is Christus is nou nog nader aan ons, as wat Hy was toe Hy mens in Palestina was. Die tweede feit by die hemelvaart - daar is vir ons ruimte by God. Die derde is - daar is werklik baie plek by God. Die vierde is dat ná die hemelvaart besef ons dat ons kan hemel en aarde nie skerp skei nie. Die laaste is watter wonderlike heimwee skep dit by ons as ons aan die hemelvaart en Pinkster in geheel begin dink.

***

Wanneer mense oor die hemel begin praat dan sal baie se eerste gedagte wees dat dit is 'n vêr plek, daar agter die sterre. Ons hemelse gedagte moet wees dat die hemel nie vêr is nie. So naby soos God nou aan ons is, so vêr- ja eintlik – só naby is God aan jou. Daar is eintlik nie afstand ter sprake nie. Niks van dat dit in ligjare gemeet moet kan word nie. Hemelvaart beteken Jesus is naby, Hy het nog nader aan jou en my gekom, Hy sou nooit so naby aan ons kon wees as Hy nie na die hemel opgevaar het nie. Gestel daar was nie 'n hemelvaart nie, dan sou gelowiges almal na Palestina moes gaan om Hom daar te sien, Hom daar te ontmoet. Daarom wanneer ons aan die hemelvaart dink moet ons nie dink dat Hy opgeneem is in ons ruimtes, hier vêr bo ons, vêr agter die sterre nie. Néé, Hy is opgeneem uit ons ruimte in God

se ruimte in en dit plaas Hom baie naby aan ons. Hy is werklik binne roepafstand- eintlik nog nader, al gee ek net 'n sagte sug dan hoor Hy my (Rom 8:23,26). Die ruimte waar Hy nou is, is nie ons ruimte, maar tog omring sy ruimte ons. Ja, dit gebeur sodat alles vervul kan word, is ons kerngedagte bedoelende dat ook ten volle vervul kan word die woord in Psalm 139:5- ***5*** *U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my.*

Die tweede heilsfeit rondom hemelvaart trek 'n streep deur afstand maar tog gee dit ons die besef van ruimte. Daar is vir ons ruimte by God. Dit wat Joh. 14:2 so mooi sê- *Ek gaan om vir julle plek te berei...* In aansluiting by Ef.2:6 wat daar staan- ons sit saam met Christus, al is Christus in die hemele- Christus se kruis maak Hy ons kruis, sy opstanding maak Hy ons opstanding, sy hemelvaart word ons hemelvaart... ons is saam met Hom 'n plek in die hemele gegee. Dit laat die Kategismus sê dat ons **ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het...** Ons het 'n monument, ons het 'n woning, ons het huis in die hemel . Watter troos as die gelowige sterwe en ná die hemelvaart het dit net nog wonderliker betekenis dat ons sê my geliefde het heengegaan, God sê van sy kind, my kind het tuisgekom, huis-toe gekom. Heengaan beteken eintlik vir die gelowige om Huis toe gaan.

Dit bring reeds die derde troosfeit by hierdie heilsfeit van die hemelvaart- Daar is baie plek. *In die huis van my Vader is daar baie wonings...* Ons besef die verband tussen liefde en ruimte. Wanneer ek vir iemand lief is dan wil ek ruimte gee, ruimte maak. Ek sal myself kleinmaak dat daar vir die een vir wie ek lief is, ook plek kan wees. Gewoonlik tas die gebrek aan liefde my begrip van ruimte aan. Die een wat ek nie van hou nie, wil ek nie naby my hê nie. Selfs wanneer 'n man en vrou nie meer vir mekaar lief is nie dan word hulle huis te klein, al bly hulle ook in 'n kasteel. Kyk nou hoe dit werk in God se geweste, in God se Woord. Jesus het Self hierdie gebrek aan liefde verbind aan die min plek wat hulle vir Hom wou gee- Luk. 9:58- *Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.*

Daarom van God se kant is die wonderlike teendeel waar. Die wolk wat Christus by die hemelvaart omsluit het, daardie wolk is terselfdertyd God wat sy kinders kom omarm het. God het ons waarlik lief. Op 21:4 voeg hieraan toe, terwyl God ons omarm vee Hy ook die

trane van die oë af. In hierdie heelal is daar geen groter saak as God se liefde nie. Terselfdertyd is dit onveranderlik, God se liefde werk persoonlik, elk van sy kinders kan dit op ’n besondere manier en persoonlike manier weet God het my lief, ja daar is ook niks so heilig in hierdie wêreld, in die heelal as die heiligheid van Gd se liefde nie. Wanneer Christus sy Heilige Gees oor ons uitstort, is dit God wat ons lief het. Sy Gees kom in die volle liefde van God na ons toe.

Daarom dat met die hemelvaart moet ons hemel en aarde nie skerp van mekaar wil skei nie. Ons het eintlik hier met ’n heilige eenheid te doen. God se Woord begin met ’n samevoeging van hemel en aarde. In Genesis word hemel en aarde al aanmekaar verbind. Die heel eerste vers stel dat God het in die begin hemel en aarde geskape. Die hemel is aan die aarde en die aarde is aan die hemele verbind. Nooit het God die twee- hemel en aarde as twee losstaande aparte groothede gestel nie. Hier geld ook die woord- wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Die pad na die hemel loop inderdaad oor die aarde.

Die Kategismus wys hierdie noue band tussen hemel en aarde baie duidelik. Ons het ons natuur in die hemel, maar God se Gees is op die aarde. Christus is die waarborg van ons menslike natuur in die hemel maar Hy het sy Gees as waarborg na ons toe gestuur. Inderdaad so naby soos wat Christus aan die Heilige Gees is, so naby is die hemel aan die aarde. Daarom is hemelvaart en Pinkster eintlik ’n gebeurtenis wat nie as aparte gebeurtenisse gesien kan word nie, al lê dit histories, 10 dae vanmekaar, is dit beslis nie iets wat uitmekaargemaak kan word nie. Johannes laat ons woning by God en God se woning by ons -met een word- *mone*- na ons kom. As Jesus in Joh. 2 praat van die huis van God, julle mag nie die huis van my Vader ’n rowerspelonk maak nie, dan is dit die aardse tempel, maar in ons teks word die huis van my Vader, *in die huis van my Vader is daar baie wonings*, dan wys dit in die rigting van die hemelse wat nie van die aardse losgemaak kan word nie. Daarom dat ons met hemelvaart en Pinkster die kerk op die aarde en die huis in die hemel as teenbeeld van mekaar moet sien. Net soos wat Christus se Gees op aarde die teenpand is van ons vlees in die hemel.

Die feit dat Christus sê dat in die huis van my Vader is daar baie ruimte, daar is baie woonplek, ingesluit daar is warmte, gulhartigheid, vriendelikheid, inderdaad ruimhartigheid, dit wat die Gees bewerk, beteken die kerk op aarde mag dieselfde dinge wat in die hemelse woonplekke bestaan nie op aarde verwaarloos nie. Die mense daar in die Karoo- van die sg karretjiemense het die uitdrukking van die kerk is die hemel se vloer. Eintlik laat hierdie uitdrukking reg geskied aan wat die kerk op aarde moet wees. Die hemel se staanplek, die hemel se vloer, terwyl ons besef daar kan nie 'n aarde wees sonder 'n hemel nie. As die hemel nie was nie, dan was die aarde nog minder. Die kerk is die ruimste instelling ter wêreld. Hoe akkommoderende moet die ware kerk nie wees nie, waar dit gaan om ons belydenis van ons katolisiteit, m.a.w. ons algemeenheid, dan vat die woorde van Jesus grond as Hy sê dat vanaf Jerusalem tot Judea, tot Samaria, tot aan die eindes van die aarde moet hierdie woord weerklink. Alle volke, tale, nasies, geslagte staan hierby- dit is ware katolisiteit, wat ons belydenis oor die kerk is-

Nou kom ons by die laaste wat die hemelvaart bring, dit is daardie hunkering, daardie verlange na die Vaderhuis. Die soeke na die dinge daarbo- Kol 3:1- ***1*** *As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.* Ons moet uitsien na die dag wanneer daar geen verskil meer tussen hemel en aarde sal wees nie. Dit het dan hemel geword op aarde. Die nuwe Jerusalem het ten volle op die aarde neergedaal (Op 21:10). Dit gaan oor die heimwee na ons ware huis, ons dan nie meer vreemdelinge en bywoners genoem sal word nie, want nou op aarde is ons as gelowiges dit. Dit is wonderlik om te mag weet wie vandag op hierdié aarde die heimwee na die hemelse ken, hy/sy sal tuis kom. Ons kan nie ons rug draai op die aarde nie, maar ons roeping moet wees, ja die hemelse roeping word op aarde uitgeleef en bevestig dat ons iets van die hemel op aarde moet laat sigbaar word, dit is ons roeping elke dag. In besonder ook weer waar die hemelvaart tot ons gespreek het.

AMEN